



**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT (NSS)**

GRAAD 11

HALFJAAR EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

EERSTE VRAESTEL

(NSC11-07)

D10055667-7-A

TYD: 09H00 – 11H00

TOTAAL: 80 PUNTE

TYDSDUUR: 2 UUR

DATUM: 5 JUNIE 2013

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INFORMASIE**

Lees die volgende instruksies noukeurig voordat die vrae beantwoord word:

1. Skryf die antwoorde in die antwoordboek wat in die vraestel voorsien word.
2. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig en doen slegs wat verlang word.
3. Begin met die vraag waarvoor die hoogste punt moontlik behaal gaan word.
4. Nommer die antwoorde presies soos die vrae genummer is.
5. Antwoorde moet volsinne wees, behalwe waar ander instruksies gegee word.
6. Die puntetoekenning van elke vraag sal die lengte van die antwoord bepaal. Verskaf genoeg feite om die totale punte te behaal. Moenie tyd verspil deur meer inligting te gee as wat nodig is nie.
7. Skryf asseblief netjies en leesbaar – ons kan nie onleesbare handskrif merk nie.
8. Begin die antwoord vir elke vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld Vraag 1, nuwe bladsy, Vraag 2, nuwe bladsy.
9. Die vraestel en notas van enige student wat oneerlik te werk gaan, sal van hom of haar verwyder word. Die Kollege sal dissiplinêre maatreëls toepas om die integriteit van hierdie eksamen te beskerm.
10. Indien daar iets verkeerd is met, of uitgelaat was, in die vraestel of antwoordboek, lig asseblief dadelik die toesighouer in. As die toesighouer nie oor 'n probleem ingelig word nie, sal die Kollege dit nie later kan regstel nie en sal die punte nie aangepas kan word as gevolg van die probleem nie.
11. Hierdie eksamen mag van die eksamenlokaal verwyder word *na* afloop van die eksamen.

Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings: Afdeling A, Afdeling B and Afdeling C. Beantwoord **AL** die vrae.

Vraag	Afdeling	Punte
1	<b>A: Kyk- en leesbegrip</b>	<b>30</b>
2		
3	<b>B: Opsomming</b>	<b>10</b>
	<b>Beantwoord die vraag</b>	
4	<b>C: Taal</b>	<b>40</b>
5		
6		
<b>TOTAAL PUNTE:</b>		<b>80</b>

**AFDELING A – KYK- EN LEESBEGRIP**

**(30 PUNTE)**

**BEANTWOORD ALBEI VRAE**

**VRAAG 1 – KOERANTARTIKEL**

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae wat volg.

**'MXit-wêreld' maak kinders maklike teikens vir selfoonrowers.**

1. Port Elizabeth: Selfoondiewe het skoolleerders, veral in die woonbuurte Algoapark en Gelvandale, in hul visier.
2. Verlede week is vyf voorvalle van selfoondiefstal hier gerapporteer. Volgens kapt. Johan Rheeder, 'n polisiewoordvoerder, is selfoondiewe veral op die uitkyk vir leerders wat in 'n "MXit-wêreld" vasgevang is.
3. "Met ander woorde, kinders raak al hoe meer sagte teikens omdat hulle altyd op hul selfone besig is met MXit en nie kyk wat om hulle aangaan nie." 'n Grypdief lê 'n kind voor en sodra hy 'n kans kry, oorrumpel hy die slagoffer en steel sy selfoon," het Rheeder gesê. Hy het gesê kinders dra oorfone, luister na musiek en speel selfoonspeletjies terwyl hulle iewers heen stap.
4. "Die selfoon is sigbaar in die openbaar en daarom word kinders maklik aangeval." Rheeder het verder gesê dat daar 'n massiewe mark vir tweedehandse selfone is. Volgens mnr. Edmund van Vuuren, skoolhoof van die Hoërskool Hillside, is van sy leerders Maandag tot in 'n taxi gedwing, waar hulle van hul besittings gestroop is.  
  
"Die skurke was juis op soek na selfone en geld." Van Vuuren het bygevoeg ouers moet ook die skuld kry "omdat hulle vir hul kinders die duurste en modernste selfone koop".
5. Die skoolhoof van Hoërskool Bertram in Chatty, mnr. Fred Mathews, het gesê: "Selfone moet by skole verbied word. Leerders wat in uniform rondloop met 'n selfoon in die hand trek mos meer aandag, want die oortreder kan sien die kind gaan nog skool toe en dit maak hom 'n maklike teiken."
6. "As ons skoolkinders teen selfoondiewe wil beskerm, moet ons hulle bewus maak van hoe hulle "sagte teikens" vir selfoondiewe word. Hulle moet ten alle tye op hulle hoede wees en nie in hulle selfoonwêreld verlore raak nie. Ouers moet ook 'n rol speel in die veiligheid van hul kinders," het 'n polisiewoordvoerder, meneer Johan van Zyl, van Port Elizabeth gesê.
7. Meneer van Zyl het verder bygevoeg dat alle selfoonmaatskappye gesteelde selfone op 'n swartlys moet plaas en dit blokkeer, sodat dit nie weer verkoop kan word nie. Dié stappe was baie suksesvol oorsee. As dit hier gedoen word, sal daar geen "besigheid" vir selfoondiewe wees nie en die stryd teen selfoondiefstal sal definitief iets van die verlede wees.

Verwerk en aangepas uit: *Die Burger*, 17 September 2010

**WOORDEBOEKGEBRUIK**

**grypdief.** Dief wat iets buit / gryp en probeer weghardloop. **Eng.:** pickpocket, snatch-and-grab thief.

**oorrompel,** ww. Verrassend aanval; onverwags oorval. **Eng.:** surprise, catch unawares.

**verbied,** ww. Beveel om na te laat, nie te doen nie: iemand verbied om iets te doen.

**Eng.:** prohibit, forbid, ban.

- 1.1 Watter antwoord voltooi die volgende sin **KORREK**? Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A. – D.) neer.
- "in hul visier" (paragraaf 1) beteken dat selfoondiewe:
- A. die leerders by hul huise in Algoapark en Gelvendale besoek en beroof.
  - B. skoolleerders in Algoapark en Gelvendale dophou.
  - C. gesteelde selfone aan skoolleerders verkoop.
  - D. weet dat skoolleerders selfone dra. (1)
- 1.2 Hoekom is selfoondiewe op die uitkyk vir leerders wat in die "MXit-wêreld" vasgevang is? (1)
- 1.3 Haal **TWEE AGTEREENVOLGENDE WOORDE** uit paragraaf 3 aan wat wys dat dit maklik is om die kinders van hulle selfone te beroof. (1)
- 1.4 Noem **TWEE** ander aktiwiteite op 'n selfoon, behalwe MXit, wat leerders se aandag aftrek sodat hulle nie kyk wat om hulle aangaan nie. (2)
- 1.5 Die leerders was in die taxi toe hulle beroof is.
- 1.5.1 Is hierdie stelling **WAAR of ONWAAR**? (1)
  - 1.5.2 Haal **EEN WOORD** aan om jou antwoord in VRAAG 1.5.1 te bewys. (1)
- 1.6 Hoekom moet ouers volgens mnr. Van Vuuren ook verantwoordelikheid vir hierdie tipe misdade aanvaar? (1)
- 1.7 Hoekom word leerders wat in uniform rondloop met 'n selfoon in die hand makliker beroof as iemand anders? (1)
- 1.8 Wat is die "selfoonwêreld" waaroor mnr. Van Zyl praat? (1)
- 1.9 Noem **TWEE** stappe wat selfoonmaatskappye moet neem om selfoondiefstal te bekamp. (2)
- 1.10 Ouers moet ook 'n rol speel in die veiligheid van hulle kinders.
- 1.10.1 Is die stelling uit die leesstuk 'n feit of 'n mening? (1)
  - 1.10.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.10.1. (1) [14]

**VRAAG 2 – ADVERTENSIE**

Lees deur die volgende advertensie en beantwoord die vrae wat volg:

**Bazoo vir kleuters!**

Deur Phyllis Green. **SARIE** – Maart 2009


Die tydskrif wat deur die **ATKV** uitgegee word, is spesiaal gemik op die kindermark en help om kinders se leesvaardighede te ontwikkel en te verbeter.

**Bazoo**, die vriendelike skilpad, staan gereed om mammas, pappas, oumas en oupas te help om die kleingoes besig te hou. Hy is die karaktertjie waarom dié nuwe kleutertydskrif draai.

Op 'n speelse manier help hy ook om die voorskoolse kleuters se leesvermoë, motoriese beheer en koördinasie en luistervaardighede te stimuleer. Daar word ook klem gelê op die oefening van sommetjies en hoe die kinders waarneem en dink.

Die voorlees-hulpmiddel help besige ouers om kwaliteittyd saam met hul kleuters te geniet.

Die tydskrif verskyn tweemaandeliks.  
e-pos: [admin@bazoo.co.za](mailto:admin@bazoo.co.za)  
of faks 086 633 6912.



Eerste 500 intekenare ontvang gratis Bazoo liedjie CD



Aanpassings uit: *SARIE* Maart 2009

- 2.1 Wat is die **HOOFDOEL** van die tydskrif wat deur die ATKV uitgegee word? (2)
- 2.2 In watter tydskrif het die advertensie verskyn? (1)
- 2.3 Noem nog **TWEE** ander vaardighede van die kind wat gaan verbeter. (2)
- 2.4 Haal die **TWEE AGTEREENVOLGENDE WOORDE** uit die advertensie aan wat daarop dui dat die kinders en hulle ouers die aktiwiteite speel-speel gaan doen. (1)
- 2.5 Watter aktiwiteit wat die kinders gaan doen, gaan hulle motoriese vaardighede verbeter? (1)
- 2.6 Die tydskrif se teikenmark is kinders van 10 jaar oud.
- 2.6.1 Is hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR**? (1)
- 2.6.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 2.6.1. (1)
- 2.7 Wat is die ATKV se logo? (1)
- 2.8 Hoeveel keer per jaar verskyn die tydskrif vir jong kinders? (1)
- 2.9 Gee **EEN** rede hoekom jy dink dat dié tydskrif jong kindertjies se aandag wel sal trek. (1)
- 2.10 Beskryf die karaktertjie, Bazoo, se gesigsuitdrukking. (1)
- 2.11 Watter moontlike beloning wag daar vir mense as hulle vir die tydskrif inskryf? (1)
- 2.12 Die kleuters se kosmaakvaardighede gaan ook verbeter.
- 2.12.1 Is hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR**? (1)
- 2.12.2 Motiveer jou antwoord deur **VIER** agtereenvolgende woorde uit die advertensie aan te haal. (1) [16]

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B – OPSOMMING**

**(10 PUNTE)**

**BEANTWOORD DIE VRAAG**

**VRAAG 3**

- Som die wenke oor **hoe om jou hond rustig te hou** op.
- Skryf die belangrikste inligting in **SEWE** sinne neer.
- Skryf die sinne **puntsgewys** onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Gebruik hoofsaaklik **jou eie woorde**.
- Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**Hier is 7 wenke om jou hond rustig te hou wanneer die vuurwerke begin:**

1. Maak seker jou hond dra 'n halsband wat hom identifiseer. Sou hy skrik en weghardloop, kan jy hom maklik opspoor. Mikroskyfies onder die vel is ook baie doeltreffend.
2. Raadpleeg jou veearts as jy 'n uitsonderlik sensitiewe dier het. Hulle verkoop halsbande wat jou hond kalmeer. Daar is medikasie wat hulle kan voorskryf of kruiepille wat jy oor die toonbank kan koop.
3. Hou jou hond in die huis en trek die gordyne toe by vensters waar hy die vuurwerk kan sien. Sorg dat daar 'n veilige hoekie vir hom ingerig word met sy speelgoed en 'n kombersie.
4. As jy jou hond gewoonlik vir 'n halfuur lange stap neem, kan jy dit die betrokke aand verdubbel om jou hond lekker moeg te maak.
5. As jy besluit om die hond in 'n veilige kamer toe te maak, moet jy hom nie forseer of dwing om dit te doen nie. Dit is die een plek waar hulle veilig en in beheer moet voel.
6. Jy kan die wêreld se verskil maak as jy jou hond net vir daardie uur besig kan hou wanneer die vuurwerk geskiet word. Jy kan ook rustige musiek speel.
7. Jy kan ook 'n CD met vuurwerkklanke koop of dit van die internet aflaai. Jy kan dit sag speel en jou diere stelselmatig daaraan gewoond maak.

Bron: [www.cesarsway.com](http://www.cesarsway.com), die Teva-dierekliniek

[10]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C – TAAL IN KONTEKS**

**(40 PUNTE)**

**BEANTWOORD AL DIE VRAE**

**VRAAG 4 – SPOTPRENT**

Lees deur die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat volg:



Beeld: 19 Desember 2012

- 4.1 Gee die meervoud van die vetgedrukte woord in die volgende sin.  
Die **radio** staan op die tafeltjie. (1)
- 4.2 Gee die verkleining van die vetgedrukte woord in die volgende sin.  
Die **sonstoel** is groen. (1)
- 4.3 Gee die antoniem van die vetgedrukte woord in die volgende sin.  
Van die mense op die strand woon **tydelik** langs die see. (1)



- 4.4 Gee die korrekte vorm van die woord in hakies in die volgende sin.  
Die (drie) sambreel is 'n kleinerige saambreeltjie. (1)
- 4.5 Gee die intensiewe vorm van die vetgedrukte woord in die volgende sin.  
Die hondjie het hom teen hierdie tyd **dood** gehardloop! (1)
- 4.6 Voltooi die volgende idiomatiese uitdrukking.  
Die man en sy vrou sit en gesels oor koeitjies en \_\_\_\_\_. (1)
- 4.7 Voltooi die volgende sin deur die korrekte voorsetsel in te vul.  
Die hondjie hardloop in die rigting \_\_\_\_\_ die see. (1)
- 4.8 Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd.  
Die man en sy vrou sit nou en praat. (1)
- 4.9 Skryf die volgende sin oor in die toekomstige tyd.  
Die bier is in 'n koelhouer. (1)
- 4.10 Skryf die volgende sin oor in die ontkennde vorm.  
Die kinders speel nog lekker in die koue see. (1)
- 4.11 Skryf die volgende sin in die infinitief.  
Mense is bang vir bloublasies wat op die strand lê.  
Begin so: Mense behoort . . . (1)
- 4.12 Skryf die volgende sin korrek oor deur die ontbrekende leesteken by die volgende sin in te vul.  
Maggies van die meisies is darem baie mooi! (1)
- 4.13 Die uitdrukking naamlik *om in die wolke te wees*, word **figuurlik gebruik** en dit beteken om baie bly te wees.  
Gebruik nou hierdie uitdrukking sodat dit 'n **letterlike betekenis** het. (1)
- 4.14 Vorm 'n deelwoord van die woord in hakies. Skryf net die woord neer.  
Die (speel) kinders in die see geniet elke oomblik. (1)

- 4.15 Verbind die volgende twee sinne deur die voegwoord in hakies te gebruik.

Die man en sy vrou gaan nou loop. Die vrou het te min kos ingepak. (**aangesien**)

(2) [16]

### VRAAG 5 – LESERSBRIEF

Lees die volgende brief van 'n leser deur en beantwoord die taalvrae wat volg.

#### **KWAAD OOR ROOFLESERS**

**Iets wat my vreeslik die joos in maak, is die aantal roofkykers wat jy in supermarkte of boekwinkels aantref. Lesers wat te suinig is om 'n paar rand uit te haal om 'n tydskrif of koerant te koop.**

Kom dit egter by gemorskos, dan staan hulle voor in die ry om te koop. Die tydskrifte word gelees terwyl hulle kos in hulle monde het en daar word geblaai met vetterige vingers. Koerante word uitmekaar gehaal en weer in los stukke teruggesit.

Dit is 'n uiters swak gewoonte en slegte maniere. Roofkykers moet in alle winkels verban word!

My wens is dat die tydskrifte in plastiese sakkies gesit moet word. Iets wat ek met graagte sal betaal.

PHIL PIENAAR, E-POS

Aangepas uit: *Huisgenoot* 4 Maart 2010

WENBRIEF

- 5.1 Verbind die volgende twee sinne met die voegwoord in hakies.

Die mense vat aan die tydskrifte. Hulle lyk oud. (**dus**)

(2)

- 5.2 Skryf die volgende sin in die lydende vorm.

Die man het die koerant uit die rak gehaal.

(1)

- 5.3 Skryf die volgende sin in die indirekte rede.

Die man het gesê: "Ek sien nou iemand wat 'n tydskrif steel."

(3)

- 5.4 Wat beteken dit om **iemand die joos in te maak**?

(1)

- 5.5 Vorm 'n vraagsin van die volgende sin.

Mense is te suinig om 'n paar rand uit te haal.

(1)

5.6 Skryf die volgende sin in die ontkennde vorm.

Eet gemorskos in die boekwinkel. (1)

5.7 Gee 'n sinoniem vir die volgende vetgedrukte woord in die volgende sin.

Mnr. Pienaar **smeek** dat tydskrifte in sakkies gesit moet word. (1)

5.8 Watter van die volgende twee woorde is 'n nuutskepping?

A. koerant

B. elektroniese pos (1)

5.9 Wat is die vergrotende trap van die volgende swartgedrukte woord?

Deesdae is mense **suinig** om baie geld op tydskrifte uit te gee. (1) [12]

### VRAAG 6 – STROKIESPRENT

Lees deur die volgende strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg:



[www.thecomicssection.blogspot.com](http://www.thecomicssection.blogspot.com)

6.1 Skryf die volgende sin in die verlede tyd.

Helga probeer om met haar oë toe te lê. (1)

6.2 Vorm 'n bevelsin van die volgende sin.

Helga sit die kos op die bed neer. (1)

6.3 Skryf die volgende sin in die infinitief.

Hagar dink aan die heerlike kos voor hom.

**Begin so:** Hagar is besig om . . . (1)

- 6.4 Skryf die volgende sin in die ontkennende vorm.  
 Hägar sien iets op die bord lê. (1)
- 6.5 Skryf die volgende sin oor en rangskik die gedeelte in die korrekte volgorde.  
 Helga sal (buite / die wasgoed / later die middag) ophang (1)
- 6.6 Gee die intensiewe vorm van die vetgedrukte woord in die volgende sin.  
 Hägar was in sy jong dae **verlief** op Helga. (1)
- 6.7 Gee die afkorting vir die volgende vetgedrukte woord in die sin.  
 Hägar gaan **volgende** week weer op een of ander ekspedisie in die berge. (1)
- 6.8 Kies die korrekte woord tussen die hakies en skryf net die woord neer.  
 Die (hoenderpastei / hoender pastei) was heerlik vars. (1)
- 6.9 Skryf die woorde in die hakies in die regte vorm.  
 Die mes (met + wat) Helga die skaapboud sny, is al lank in haar besit. (1)
- 6.10 Gee die korrekte vorm van die vetgedrukte woord in die volgende sin.  
 Dit was 'n (**pragtig**) dag toe hulle in die bed gelê het. (1)
- 6.11 Gee die verkleining van die vetgedrukte woord in die volgende sin.  
 Omdat Helga 'n vrou is, sien sy altyd die **probleem** eerste raak. (1)
- 6.12 Vorm 'n samestelling van die woord tussen hakies.  
 Hägar en Helga is versot op die aangename (somer + aand) wat hulle beleef. (1) [12]

**TOTAAL AFDELING C: 40**

---

**GROOTTOTAAL: 80 PUNTE**

---